Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 28 APRIL 2022 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF)
Daniels, C (DA)
Duda, A A (EFF)
Fortuin, C (ANC)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie, I S (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Stanley, B J (DA)
Van Essen, T (DA)
Van Zyl, M (DA)
Vermeulen, G (VF)
Warnick, A K (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Vaste Afval en Handelsdienste, mnr J J Venter
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadslede en amptenare en versoek rdl N Smit om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskoning is ontvang nie.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

## 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 MAART 2022

Besluit/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Maart 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

## 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 23 MAART 2022

saamgelees met

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 9 MAART 2022**

### 5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 25 MAART 2022

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

### 6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 1 MAART 2022

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 8. SAKE VIR BESPREKING

### 8.1 GOEDKEURING VAN DIE 2021/2022 TOT 2023/2024 SPESIALE AANSUIWERINGBEDRYF- EN KAPITAALBEGROTING (5/4/1)

Die 2021/2022 tot 2023/2024 Spesiale Aansuiweringbedryf- en Kapitaalbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 April 2022 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat Swartland Munisipaliteit bevoorreg was om op 30 Maart 2022 'n addisionele MIG-toekenning ten bedrae van R4 miljoen vanaf die nasionale regering te ontvang. Die rede hiervoor is dat die Munisipaliteit teen Desember 2021 reeds 70% van sy MIG-toekenning spandeer het en dus – saam met nog net een ander munisipaliteit – vir addisionele fondse in aanmerking gekom het.

Op navraag van rdl B J Penxa aangaande die aanwending van die addisionele fondse, bevestig die Munisipale Bestuurder dat die fondse slegs spandeer mag word op projekte wat reeds op die MIG-program geregistreer is. Laasgenoemde proses kan tot 18 maande duur en verg dit dus deeglike beplanning deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste.

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word vir die goedkeuring van die 2021/2022 tot 2023/2024 Spesiale Aansuiweringbedryf- en Kapitaalbegroting en word daar –

8.1/...

**EENPARIG BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee dringend vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en verantwoordelike direkteur te oorweeg gegewe die veranderinge;

(b) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak bedryfsbegroting vir 2021/2022 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

| | Oorspronklike Begroting 2021/22 | Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2021/22 | Tweede Aansuiwerings begroting 2021/22 | Spesiale Aansuiwerings begroting 2021/22 | Oorspronklike Begroting 2022/23 | Oorspronklike Begroting 2023/24 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 166 435 729 | 166 040 448 | 166 040 448 | 170 040 448 | 132 744 732 | 136 678 848 |
| Bedryfsuitgawes | 911 967 149 | 951 133 356 | 953 347 356 | 953 347 356 | 983 835 346 | 1 055 314 274 |
| Bedryfsinkomste | 968 875 613 | 1 007 040 106 | 1 009 254 106 | 1 013 254 106 | 1 048 008 388 | 1 119 714 984 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(56 908 464)** | **(55 906 750)** | **(55 906 750)** | **(59 906 750)** | **(64 173 042)** | **(64 400 709)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes | 47 912 409 | 48 027 246 | 48 027 246 | 52 027 246 | 45 865 556 | 50 788 078 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(8 996 055)** | **(7 879 504)** | **(7 879 504)** | **(7 879 504)** | **(18 307 486)** | **(13 612 631)** |

(c) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar en dat die begrote netto surplus van R7 879 504 onveranderd bly;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2021/22 – 2023/24)**;

(e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(f) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

**8.2 KWARTAALVERSLAG (ART 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2022 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die MFMA.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag is bespreek tydens ‘n vergadering van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee gehou op 26 April 2022 ten einde dié komitee se oorsigrol te vervul.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2022 tot 31 Maart 2022.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**